

RUBRIEK | GERHARD VAN HUYSTEEN



Plant vir jou 'n taattuin

My tuin lyk soos dit voor die skepping was: dol en leeg. Of anders gesien, soos 'n skoon lei; vol potensiaal vir kreatiewe teken- en inkleurwerk. Of, vir 'n regte bleeksiel soos ek, 'n skoon lei waarop ek kan skrywe ...

In die Afrikaanse woordeskat is daar 'n skatkis plantname. Slaan die *Woordeboek vir tuinboukunde met plantname* (1991) op enige plek oop en jy kan aan die bladsy se lippe hang. Van bome en bosse tot heide en varings; van aalwyn en aasblom tot zoeloenaelitjies en zuurberggrasklokkie.

Lank voordat Europese seevaarders dit om die suidpunt van Afrika gewaag het, is die land bewoon en bewerk deur hoofsaaklik die Khoi-Khoi en San. Hul name vir plante was invloedryk, nie net op Afrikaans nie, maar ook op van die ander Suid-Afrikaanse tale. In Boshoff en Nienaber se *Afrikaanse etimologieë* (1967) sien ons byvoorbeeld dat naaldbossie ook as keita, ghaita of gheita bekend staan – 'n leenwoord van Khoi. Ook het Xhosa die naam van dié genesplant by Khoi geërf, dan wel as igqitha.

In die insiggewende boek *Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans* (1941) skryf Scholtz dat die Nederlandse volksplanters in die beginjare eintlik maar net drie plantname by Khoi oorgeneem het, te wete boegoe, dagga en kanna.

Maar later, soos daar meer reise die binneland in onderneem is, brei die plantnaamleenwoordeskat aansienlik uit: kammiebos en kambro, ghoemsie en

ghoena, keiappel en kabietjie.

Waar die Europese reisigers plante teëkom wat hulle met spesifieke mense assosieer, plak hulle gewoon daardie groep mense se naam voor aan die plantnaam. Die meeste daarvan blyk later natuurlik rassisties te wees en die name word mettertyd na gepaste inheemse name (byvoorbeeld ghokum of ghoena) of beskrywende name (soos perdevy of suurvry) verander.

Baie Afrikaanse plantname is sarnestellings wat eindig op 'n saai kern, maar met heerlik beskrywende bepalers. Dink maar aan sarnestellings met -boom (drietandkanferboom) of deel van 'n boom, soos -bas (laventelbas), -blaar (raasblaar), -doring (horingdoring) en -hout (fynblaarbruinysterhout) of tipe vrug (lebombo-rosyntjie of natalkersielemoen). Ons het ook -bossies (tandpynbossies), 'n -blom (botterblom, oftewel pietsnot) en 'n -lelie (madonnalelie); en baie soorte -gras (tamboekiegras) en -wortel (aambeiwortel, oftewel skoonma-se-tong) – genoeg om 'n hele nuwe tuin te beplant.

My idee vir my nuwe tuin? Om soveel moontlik inheemse plante met vloekwoordname te plant. Dink maar aan die vrotjievrugbliksembos, poepuntjies en skaapdrolletjies. Of 'n drolpeer, gatgai en malgif.

My eie vloektuin; 'n gekruide tuin. Of, soos 'n vriendin dit gepas noem: My eie ontuin! **T**

Gerhard van Huyssteen
 is 'n taalkundige aan die
 Noordwes-Universiteit.
gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za.